KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE BESTUUR EN TOEKENNING VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE TUNA-PAALVISSERY:2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET GELEES WORD SAAM MET DIE ALGEMENE KONSEPBELEID OP DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE:2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Biologiese- en hulpbronwisselwerking 4

3. Profiel van die bedryf 5

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 6

5. Tydsduur van regte 6

7. Nuwe inkomelinge 7

8. Evalueringskriteria 7

8.1 Uitsluitingskriteria 7

8.2 Balanseringskriteria 8

(a) Transformasie 8

(b) Belegging in die bedryf 9

(c) Prestasie 10

(d) Afhanklikheid van die tunabedryf 10

(e) Waardetoevoeging 10

(f) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 11

(g) Werksgeleenthede 11

(h) Nie-betaling van heffings 12

8.3 Vangspoging Toewysings 12

9. Geskikte vaartuie 13

10. Multi-sektorale betrokkenheid 13

11. Aansoekfooie en heffings 13

12. Bestuursmaatreëls 14

12.1 Ekosisteembenadering to visserybestuur 14

12.2 Konsolidering van deelnemers 14

12.3 Vaartuie en visvangaanwending 15

12.4 Monopolisering 15

13. Prestasiemeting 15

14. Waarnemersprogram 16

15. Permitvoorwaardes 16

1. Inleiding

Hierdie dokument is 'n konsepbeleid vir openbare kommentaar oor die toekenning en bestuur van kommersiële regte in die tuna-paalvissery soos uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement"). Hierdie konsepbeleid moet saamgelees word met die Algemene Konsepbeleid op die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Visvangbeleid"). Belanghebbendes en ge-affekteerde partye, mag skriftelike kommentaar voorlê aan die Departement voor 4 April 2005. Kommentaar wat voorgelê word na hierdie datum sal nie oorweeg word nie. Kommentaar moet as volg voorgelê word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doelwit van hierdie konsepbeleid is om die oorwegings uiteen te sit, wat sal geld by die toekenning van kommersiële tuna paalvisregte. Baie van die oorwegings in hierdie konsepbeleid is niks nuuts nie. Hulle is reeds vantevore toegepas deur die Departement in die toekenning van regte. Hierdie beleid vervat hierdie oorwegings, maar sluit ook 'n aantal veranderings en byvoegings in.

Die bestuursbeleid rondom die tydperk na die toekenning van regte, kom ook na vore in hierdie konsep beleidskrif. Die Departement sal 'n Tuna Paalvis Bestuurshandleiding ontwikkel in samewerking met al die reghouers gedurende die loop van 2006. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die bestuursmetodologie en prosedures uiteensit vir die bedryf.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is van voorneme om die sogenaamde 'artikel 18 magte' om tuna paalvisregte toe te ken, in terme van artikel 79 van die Wet op Marienelewe en Hulpbronne *("die WLMH"*), aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Biologiese- en hulpbronwisselwerking

Albakoor tuna (*Thunnus alalunga*) kom hoofsaaklik voor in gematigde water. Dit is 'n pelagiese spesie en jong albakoor wat korter is as 90 sentimeter, kom voor in groot skole naby die oppervlak van die water. Volwasse albakoor kom voor in kleiner skole dieper onder die water en kan dus nie gevang word deur die oppervlak toerusting wat gebruik word deur die paalvisbote nie. Twee albakoor getalpoele kom in die Atlantiese Oseaan voor. Die noordelike poel word ongeveer 5°N van die suidelike poel aangetref. Bevrugting vind plaas in die westelike Atlantiese Oseaan in beide halfrondtes.

Albakoor kom wêreldwyd in al die hoof oseaankomme voor. Die paalvisvloot is slegs werksaam langs die weskus van Suid-Afrika, met die suidelike Atlantiese getalpoel as teiken. Die getalle van Indiese Oseaan albakoor, wat langs die ooskus van Suid-Afrika voorkom, is heelwat laer. Groot hoeveelhede suidelike albakoor word ook gevang langs die kuslyne van Namibië, Brasilië en Argentinië. Albakoor word slegs gevang in Suid-Afrikaanse waters tussen Oktober en Junie en die tuna paalvisbedryf is dus seisoensgebonde. Die beskikbaarheid van hierdie vishulpbron, word verder bepaal deur omgewingsfaktore wat in sommige jare meebring dat visse in groot getalle naby aan die kus saam groepeer.

As gevolg van die feit dat albakoor voorkom op die oopsee, word dit deur baie lande gevang. Die bestuur van die spesie is die verantwoordelikheid van streeksvisserybestuur organisasies (*"SVBOs")*, soos die Internasionale Kommissie op die Bewaring van Atlantiese Tuna ("IKBAT") en die Indiese Oseaan Tuna Kommissie ("IOTK"). Die bestuur van die getalle deur die SVBO's word bewerkstellig deur getal takserings en die vasstel van Totale Toegelate Vangste ("TTVs"), die toekenning van kwotas aan lande en die ontwikkeling van wetsnakoming- en beheermaatreëls.

3. Profiel van die bedryf

Die tuna paalvisbedryf gebruik oppervlak-toerusting wat die jong skole Albakoor in die suid-oostelike Atlantiese Oseaan teiken, grootendeels vir uitvoer as geblikte tuna. Ander tuna spesies wat aan land gebring word sluit geelfin- en grootoogtuna in, maar hierdie spesies maak minder as vyf persent van die jaarlikse vangs uit. Sommige regtehouers het egter nou begin om ook hierdie tuna te teiken, vir verkoop op die sasjimi markte van Europa, VK, VSA en Japan.

Suid-Atlantiese albakoor word reeds kommersiëel gevang sedert die 1950's. Totale vangste aan land gebring per jaar, was ongeveer 24 000 ton tussen 1965 en 1985. Daarna het vangste toegeneem tot ongeveer 30 000 ton, voordat dit gedaal het tot die huidige vlakke van ongeveer 6 200 ton per jaar.

Die visvangnasies wat albakoor geteiken het in die Suid-Atlantiese Oseaan is Chinese Taipei (met 'n gemiddeld van 16 800 ton tussen 1998 en 2002), Suid-Afrika (6 200 ton), Brasilië (4 000 ton) en Namibië (2 300 ton). Die Suid-Atlantiese albakoor getalle word nie oor-ontgin nie, ten spyte van die die feit dat die globale TTV al reeds vir verskeie jare oorskrei word.

In die lig van die feit dat IKBAT nie nasionale kwotas toegeken het vir die Suid-Atlantiese albakoor getalpoel nie, word die Suid-Afrikaanse bedryf bestuur deur die Departement met 'n totale ontplooide vangspoging ("TOV") van 200 vaartuie met 'n maksimum bemanning van 3 600.

Deur die jare het drie soorte vaartuie na vore gekom in hierdie bedryf. Die eerste groep is groot vaartuie met aanboord bevriesing, wat lang tye ter see kan deurbring met 'n bemanning van 20 of meer. Die tweede groep is klein vaartuie met 'n bemanning van minder as 20 wat nie meer as een nag ter see deurbring nie en die tuna slegs op ys plaas. Die derde soort is bote wat nog kleiner is, met 'n bemanning van minder as 10 en wat slegs "paaltoerusting" gebruik.

'n Getal van 165 vaartuie is gemagtig om tunavangste te teiken met die paalmetode. Meer as 2 700 bemanning werk op hierdie vaartuie. Die bedryf is nie kapitaalintensief nie, maar om die tuna te vind en daarvoor te vis met die paalmetode, vereis 'n vaardige bemanning.

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

Gedurende 2002 het die Departement 152 kommersiële tuna paalvisregte toegeken waardeur 165 vaartuie met 'n bemanning van meer as 2 700 gemagtig is om tuna te teiken met die paalmetode. Van die regte wat toegeken is 20.5 persent toegeken aan swart persone of aan regspersone wat in swart besit of onder swart beheer is. Negentig (90) persent van die werkers in hierdie bedryf is swart.

Slegs 29 persent van die regtehouers in hierdie bedryf is regspersone, die ander is natuurlike persone.

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte met die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie bedryf is om:

- Die tranformasie profiel van die bedryf aansienlik te verbeter;
- Verdere belegging in vaartuie, infrastruktuur en werksgeleenthede aan te moedig, veral deur histories benadeelde indiwidue;
- Suid-Afrika se prestasierekord in die tunabedryf te verbeter;
- Regte toe te ken aan klein- en mediumgrote ondernemings (insluitende indiwidue) wat van tuna paalvisvangs afhanklik is vir 'n groot deel van hulle inkomste;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die bedryf te ondersteun;
- Die ekologiese standhoubaarheid van die bedryf te verseker.

5. Tydsduur van regte

Met in agneming van –

- die transformasie profiel van die bedryf; en
- die noodsaak om die vangsprestasie van regtehouers te verbeter;

sal die Departement kommersiële regte vir ‘n periode van agt jaar toeken (01 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2013). Elke regtehouer sal egter met gereelde tussenposes getoets word teenoor vooraf vasgestelde prestasiekriteria (**sien paragraaf 13 hieronder**).

7. Nuwe inkomelinge

Die tuna paalvisbedryf is tans onder-toegewys en daar is dus ruimte vir ‘n aantal bykomende deelnemers. Verder is die transformasieprofiel van die bedryf onbevredigend. Dit word dus voorsien dat ‘n aantal nuwe deelnemers regte toegeken sal word in hierdie bedryf.

8. Evalueringskriteria

Aansoeke sal gesif word volgens ‘n stel “*uitsluitingskriteria*”. Aansoeke van nuwe deelnemers en bestaande regtehouers sal daarna afsonderlik oorweeg word, in terme van ‘n stel gelaaide “*vergelykende balanseringskriteria* ”. ‘n Afsnypunt in terme van punte toekenning sal dan bepaal wie die suksesvolle aansoekers is. ‘n Breukdeel van die TOV sal dan toegeken word aan elke suksesvolle aansoeker ooreenkomstig ‘n stel *“kwantumkriteria”.*

8.1 Uitsluitingskriteria

Aanvullend tot die uitsluitingskriteria wat genoem word in die Algemene Beleid, met betrekking tot onbehoorlike liassering en wesentlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit wat nie aan die volgende vereistes voldoen nie:

(a) Vorm van die aansoeker: Aansoeke sal slegs oorweeg word van entiteite wat ingelyf is in terme van die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 en die

Maatskappyewet, 61 van 1973, sowel as indiwidue (d.w.s eenmansake en natuurlike persone). Aansoeke van trusts sal nie oorweeg word nie.

(b) **Wetsnakoming:** Aansoekers, insluitende direkteure of beherende aandeelhouers, wat skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding in terme van die WLMH (en gevonnis tot tronkstraf sonder die opsie van 'n boete) sal uitgesluit word. Aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers, wie se visvangregte al ooit gekanselleer of herroep is in terme van die WLMH, sal ook uitgesluit word. Verder sal daardie regtehouers wat versuim het om 50 persent of meer van hulle vangsterekords in te dien uitgesluit word.

Kleiner oortredings van die WLMH sal 'n nadelige invloed hê om die oorweging van aansoeke, soos hieronder uiteengesit sal word.

(c) **Papierkwotas:** Papierkwotas, soos gedefinieer in die Algemene Beleid, sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot 'n geskikte vaartuig:** Aansoekers sal moet aantoon dat hulle toegang het tot 'n geskikte vaartuig (***sien paragraaf 9 hieronder***).

(e) **Nie- gebruik:** Daardie regtehouers wat versuim het om hulle medium termyn kommersiële paalvisregte te gebruik tussen 2002 en 2004, sal nie weer regte toegeken word nie.

8.2 Balanseringskriteria

Alhoewel die volgende maatstawwe wel van toepassing sal wees op beide aansoeke van bestaande regtehouers, en nuwe inkomelinge, sal dit verskillende gewig dra by die twee groepe:

(a) **Transformasie**

Tans besit swart persone slegs 20 persent van die regtehouers in hierdie bedryf. Tien persent is onder swart bestuur.

Gevolglik sal aansoekers oorweeg word en ‘n punte telling ontvang, ooreenkomstig die volgende –

- Die persentasie swart en vroulike verteenwoordiging op eienaars- en uitvoerende bestuursvlak;
- Of werknemers aandeelhouers is in die aansoeker en die omvang van hulle voordele;
- Regstellende aankope;
- Die graad van swart en vroulike verteenwoordiging op die onderskeie vlakke onder die uitvoerende bestuursvlak;
- Nakoming van die Wet op Diensbilllikheid, 55 van 1998; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) Belegging in die bedryf

Aansoekers sal oorweeg word met in agneming van beleggings gemaak in die tuna paalvisbedryf.

Wat aansoeke van regtehouers aanbetref, sal die Departement in besonder die volgende in ag neem:

- Beleggings in geskikte vaartuie. Met betrekking hiertoe, sal belegging in die vorm van aandeelhouding oorweeg word. Aansoeke van reghouers sal nie beloon word op grond daarvan dat aankoop-, skeepshuur- of vangsooreenkomste aangegaan is nie.

- Belegging in bewerking- en bemarkingsinfrastruktuur. In hierdie verband sal die Departement aansoeke van regtehouers wat belê het in tuna bewerking- en bemarkingsinisiatiewe, beloon.

Nuwe inkomeling aansoekers sal moet aantoon of hulle belê het in ‘n vaartuig en in watter vorm. Nuwe inkomeling aansoekers moet ook aantoon of hulle belê het in bewerkings- en bemarkiingsinisiatiewe of toegang het tot bemarkingsfasiliteite.

(c) Prestasie

Aansoeke van regtehouers sal oorweeg word, deur te kyk na hulle prestasie in die tuna paalvisbedryf gedurende die medium-termyn tydperk. In die besonder sal regtehouer aansoekers wat tradisionele lynvis getalpoele geteiken het, eerder as tuna, gepenaliseer word.

Aansoeke van nuwe inkomelinge sal oorweeg word deur te kyk of hulle die vermoë, kennis en vaardigheid het om tuna te kan vang.

(d) Afhanklikheid van die tunabedryf

Die Departement sal voorkeur verleen aan aansoekers wat staat maak op die tuna paalvisbedryf vir 50 persent of meer van hulle bruto jaarlikse inkomste. Aansoekers of hulle beherende aandeelhouers wat enige inkomste verkry van bronne buite die visbedryf, sal gepenaliseer word.

(e) Waardetoevoeging

Die Departement sal die wyse in ag neem waarop tuna wat deur reghouers ingesamel is, verwerk en/of bemark is.

Aansoeke van nuwe inkomelinge sal moet aandui hoe hulle van plan is om die

tuna te bemark. Hulle sal op grond hiervan ‘n puntetelling toegeken word.

(f) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die Departement sal voorkeur verleen aan daardie aansoekers wat kies om hulle vangste aan land te bring en te laat verwerk in sentra buite die groot stedelike gebiede soos Kaapstad.

Die Departement sal gunstige oorweging skenk aan daardie regtehouer aansoekers wat onderneem om te belê in, en hulle vangste te ontskeep, by kleiner vishawens soos Port Nolloth.

(g) Werksgeleenthede

Die tuna paalvisbedryf is arbeidsintensief en verskaf werk aan ongeveer 2 700 bemanning. Dit sou egter so veel as 3 600 bemanning in diens kon neem onder die huidige TOV. Alhoewel die Departement die seisoenale aard van die tuna paalvisbedryf erken, moedig dit tog die voorsiening van permanente werksgeleenthede aan, asook ‘n groter graad van werksekerheid. Die Departement sal daardie aansoekers beloon wat hulle werknemers voorsien, of onderneem om te voorsien, van –

- Permanente indiensneming;
- Mediese- en pensioen voordele;
- Enige ander diensvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

Die Departement sal ook kyk na die loonverskille tussen die hoogs- en laagsbesoldigsde werknemers.

(h) Nie-betaling van heffings

Die Departement vereis dat elke regtehouer 'n heffing betaal op al die teikenvis wat aan land gebring word. 'n Aantal regtehouers het of nie hulle heffings betaal nie of het vangste onderrapporteer, onder andere om die betaling van heffings vry te spring.

In die geval van die laasgenoemde, sal regtehouers wat hulle vangste onderrapporteer het nie visvangregte toegeken word nie, of as dit reeds toegeken is, sal dit herroep word. In eersgenoemde geval (nie-betaling van heffings aan die Departement), sal aansoeke van regtehouers gepenaliseer word. Maar selfs in die geval van aansoeke van regtehouers wat steeds kwallifiseer vir regte, sal 'n visvang permit nie uitgereik word nie, totdat die totale bedrag heffings betaalbaar (plus rente) aan die Departement betaal is nie.

(i) Wetsnakoming

Regtehouers, insluitende hulle direkteure en beherende aandeelhouers, wat tans ondersoek word vir oortredings van die WLMH, sal nie tuna paalvisregte toegeken word, totdat die uitslag van die ondersoek bekend is nie.

Kleiner oortredings van die WLMH insluitende regulasies, deur die aansoeker, sy direkteure of beherende aandeelhouers, sal meebring dat die aansoeker 'n negatiewe puntetelling toegeken word.

8.3 Vangspoging Toewysings

As gevolg van die feit dat die bedryf nie na behore gevul was, gedurende die medium-termyn periode nie, was dit vir die Departement moontlik om aan elke aansoeker die aantal vaartuie wat genomineer was, toe te ken. Indien die bedryf aanhou om ondergevul te bly, sal die Departement aan elke suksesvolle aansoeker die aantal genomineerde vaartuie kan toeken. Indien die aantal vaartuie wat deur suksesvolle aansoekers

genomineer is, egter die vangspoging oorskrei, sal die Departement een vaartuig toeken aan elke suksesvolle aansoeker en die oorblywende vaartuie aan daardie suksesvolle aansoekers wat die hoogste puntetelling ontvang het, volgens die transformasiekriteria.

9. Geskikte vaartuie

'n Geskikte vaartuig in die tuna paalvisbedryf is 'n vaartuig wat::

- 'n Minimum SAMVV gesertifiseerde lengte van ongeveer 10 meter het. Kleiner vaartuie kan oorweeg word indien hulle vangsprestasie in die tuna paalvissery kan aantoon;
- 'n funksionele vaartuig moniteringsisteem het; en
- toegerus is met vries- of ysfasiliteite

10. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die tuna paalvisbedryf word nie verhoed daarvan om regte te hê in Groepe A of Groepe B visserye nie. Regtehouers in die tunapaalvisbedryf (insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van die uitvoerende bestuurspan) sal egter nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in Groepe C of Groepe D visserye te hou nie.

11. Aansoekfooie en heffings

Die aansoekfooi vir die tuna paalvisbedryf sal vasgestel word met verwysing na die volgende:

- Die koste van die hele regstoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, die evaluering van aansoeke, verifiëring, appèlle en

hersienings. In hierdie verband sal die koste wat aangegaan is gedurende die medium termyn prosedure ‘n riglyn daarstel; en

- Die waarde van die vis wat toegeken word, gedeel deur die tydsduur van die regstoekenning.

Die jaarlikse heffing wat betaalbaar is vanaf 01 Januarie 2006 sal hersien word, na oorlegpleging met al die belanghebbendes en geaffekteerde partye.

12. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmetodes wat hieronder uiteengesit word, weerspiëel sommige van die Departement se voornemens vir die bestuur van die bedryf in die tydperk na regte toekennings.

12.1 Ekosisteembenadering to visserybestuur

Die tuna paalvisbedryf sal bestuur word ooreenkosmtig die ekosisteem benadering tot visserye (“EBV”). ‘n Ekosisteem benadering tot visserybestuur is ‘n holistiese en ge-integreerde beleid wat erkenning verleen aan die feit dat visvang en ander land gebaseerde aktiwiteite ‘n invloed het oor die breër mariene omgewing. Hierdie deel van die tuna paalvisbeleid poog nie om ‘n beleidstandpunt te voorsien vir EBV in die bedryf nie. Die EBV in die tuna paalvisbedryf sal in verdere besonderhede aandag geniet in die Tuna Paalvisbedryf Bestuurshandleiding. Suid-Afika bly steeds verbind tot die teiken datum van 2010 vir die implimentering van ‘n EBV in die kommersiële visserye, insluitende die tuna paalvisbedryf.

12.2 Konsolidering van deelnemers

Na die afhandeling van die toekenning van die agt-jaar kommersiële visvangregte in hierdie vissery, sal die Departement die konsolidering van die aantal regtehouers wat steeds betrokke is in die bedryf fasiliteer.

Regtehouers mag hulle ondeskeie ondernemings konsolideer :

- Waar regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan deel; of
- As kleiner regtehouers self kies om hulle ondernemings te konsolideer ten einde die transformasie profiel van hierdie vissery verder te bevorder.

Konsolidering van regtehouers is egter ondeworpe aan die Departement se benadering tot monopolieë. ***(sien paragraaf 12.4 hieronder).***

Verder sal konsolidasie nie gesteun word deur die Departement waar dit kan lei tot 'n afname in die transformasie profiel van die bedryf nie.

12.3 Vaartuie en visvangaanwending

Daar is huidiglik 140 tuna paalvisvaartuie werksaam in hierdie vissery. Die bedryf sou 200 vaartuie en 3 600 bemanningslede kon akkomodeer. Die bedryf word dus nie optimaal ontgin nie.

12.4 Monopolisering

Alhoewel die Departement die konsolidering van regtehouers in hierdie bedryf sal aanmoedig, bly dit gekant teen monopolieë aangesien dit tot nadeel mag wees vir die kleiner regtehouers.

13. Prestasiemeting

Die Departement sal formele prestasiemeting onderneem vir die volle tydperk van die kommersiële regte. Dit word voorsien dat die eerste stel metings sal plaasvind binne 'n jaar na die toekenning van die regte en elke drie jaar daarna.

Alhoewel die Departement eers die presiese maatstawwe vir die meting van regtehouers sal finaliseer na die toekenning van kommersiële visvangregte en na oorlegpleging met

reghouers, sal die volgende breë prestasieverwante maatstawwe wel gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie en toerusting;
- vangsprestasie;
- nakoming van die toepaslike wette en regulasies.

14. Waarnemersprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om ook nakoming waar te neem. Verder sal die Departement ook die waarnemersdekking in hierdie bedryf toenemend vermeerder. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemersprogram te dek.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie bedryf sal jaarliks uitgereik word. Die permit voorwaardes wat van toepassing is op die bedryf vir die 2005 seisoen word aangeheg as **Bylae A**. Belanghebbendes en geaffekteerde partye word genooi om kommentaar te lewer op hierdie permitvoorwaardes.